21 Oktober **Skrifgedeelte: Eksodus 23:20-33; 33:1-6, 12-17**

Loop die lewenspad met God

Daar is voortdurend sprake van ‘n Engel (Boodskapper) wat die volk in die woestyn op hulle pad gelei het. Daar is sterk aanduidings dat hierdie Engel ‘n Ou-Testamentiese vergestalting van Christus is. God het dan ook self in die persoon van hierdie Engel die volk gelei.

Na die gebeure met die goue kalf sou die Engel steeds die volk lei. Hy sou God ook steeds verteenwoordig. Tog sou God nie meer self teenwoordig wees nie. Op die oog af lyk dit aanvaarbaar, maar Moses sien duidelik die verskil. Die mens se diepste nood is sy gebrek aan gemeenskap met God. Daarsonder bly die lewe leeg en doelloos. Daarom pleit Moses by God dat Hy self met sy volk moet saamgaan.

Mense dink dikwels dat dit genoeg is om slegs die Middelaar te ken. Daar is selfs predikers wat Hom alleen verkondig. Baie mense noem hulle self Christene en roem daarop dat hulle vir Jesus ken en Hom genooi het om in hulle harte te kom woon. Tog is hulle lewens steeds leeg en sonder krag. Hulle verstaan nie dat Jesus juis gekom het om hulle met God te versoen nie. Hulle wil met die Middelaar alleen lewe, maar is dikwels selfs bang vir God. Mense bid soms tot Jesus omdat hulle nie die vrymoedigheid het om met God self te praat nie.

Om met die Middelaar alleen op pad te wees is egter nie voldoende nie. Die lewe kry eers waarlik sin en betekenis wanneer mens deur Jesus Christus op pad is met God self. Dan kan dit werklik omskryf word as ‘n vol lewe.

Sing: Psalm 91:2,8 Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)